# Hulp van Bo



SAAMGESTEL DEUR WATSON GOODMAN

GRATIS — MAG NIE VERKOOP WORD NIE

# HULP VAN BO

**"HULP VAN BO" is 'n samevoeging van Skrifgedeeltes oor bepaalde onderwerpe uit verskillende dele van die Bybel gekies. Ek glo dat die Bybel self die beste uitlegging van die Skrifte is.**

**Gods Woord kom "van bo" en is beslis baie waardevol vir harte wat honger en dors na die geregtigheid. Wanneer 'n persoon tot bekering kom, sy sonde laat staan, die Here Jesus Christus in sy hart verwelkom om daar te woon en dan met sy hele hart glo in die Here Jesus Christus as Redder, sal die Here Homself aan hom openbaar en sy eie vreugde en vrede aan die gelowige se hart skenk. Ek het dit in 1937 ondervind en het wonderlike gemeenskap met die Here sedertdien geniet. Ek dring by u aan om, as u dit nog nie gedoen het nie, u lewe NOU aan Hom oor te gee.**

**—Watson Goodman (1920-2002)**

---

Bybel in Afrikaans 1983-vertaling met herformulerings tot en met 1992 © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1983, 1992. Gebruik met toestemming. Alie regte voorbehou. Digitale Weergawe © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2012. www.bybelgenootskap.co.za
Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika verklaar hiermee dat die mening, sienings en teologiese standpunte in die bykomende materiaal in hierdie publikasie nie noodwendig die van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika weerspieel nie. Die Bybelgenootskap van SuidAfrika onderskryf nie die gebruik van Bybelteks op enige manier of op enige platform wat moontlik as antichristelik beskou can word of wat onwettige aktiwiteite bevorder.

**Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. – Rom 5:8**

**Voor die viering van die paasfees het Jesus reeds geweet dat die tyd vir Hom gekom het om van hierdie wêreld af na die Vader oor te gaan. Hy het sy eie mense wat in die wêreld is, liefgehad, Hy het hulle tot die uiterste toe liefgehad. – Joh 13:1**

**En van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde. Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed van ons sondes verlos. – Op 1:5**

**“Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê.” – Joh 15:13**

**“God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.” – Joh 3:16**

**Van ver af het die Here Hom aan Israel bekend gemaak: “Ek het jou nog altyd liefgehad, daarom het Ek jou met geduld verdra.” – Jer 31:3**

**En dit staan bo alle teenspraak dat die geopenbaarde waarheid van ons godsdiens groot is: As mens het Jesus in die wêreld gekom, deur die Gees is bevestig dat die reg aan sy kant is, aan die engele het Hy verskyn; aan die heidennasies is Hy verkondig, in die hele wêreld is Hy geglo, en in heerlikheid is Hy opgeneem. – 1 Tim 3:16**

**In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid. – Joh 1:1, 14**

**Dit het alles gebeur sodat die woord wat die Here deur sy profeet gesê het, vervul sou word: "Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem." Die naam beteken God by ons. – Matt 1:22, 23**

**En Jesus sê vir hom: "Ek is al so lank by julle, en ken jy My nie, Filippus? Wie My sien, sien die Vader. Hoe kan jy dan sê: 'Wys vir ons die Vader'? Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek met julle praat, praat Ek nie uit my eie nie; maar dit kom van die Vader wat in My bly en sy werke doen."**

**– Joh 14:9, 10**

**Wie bely dat Jesus die Seun van God is – God bly in hom en hy in God. – 1 Joh 4:15**

**Die engel antwoord haar: “Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God. – Luk 1:35**

**Vir ons is ’n Seun gebore, aan ons is ’n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. – Jes 9:5**

**Terwyl hy nog praat, het ’n helderligte wolk skielik sy skaduwee oor hulle gegooi, en ’n stem uit die wolk het gesê: “Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug. Luister na Hom.” – Matt 17:5**

**Hy het geantwoord: “Wie is dit, Meneer, sodat ek in Hom kan glo?” Jesus het vir hom gesê: “Jy sien Hom. Dit is Hy wat met jou praat.” – Joh 9:36, 37**

**In Hom (Christus Jesus) is die volle wese van God beliggaam. – Kol 2:9**

**Toe sê Hy vir hulle: "Julle is van hier onder; Ek is van daar bo. Julle behoort tot hierdie wêreld; Ek behoort nie tot hierdie wêreld nie." Jesus het hulle geantwoord: "Dít verseker Ek julle: Voordat Abraham gebore is, was Ek al wat Ek is." – Joh 8:23, 58**

**Die vrou het vir Hom gesê: "Ek weet dat die Messias kom, Hy wat ook die Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy alles aan ons bekend maak." Toe sê Jesus vir haar: "Dit is Ek, Ek wat met jou praat." – Joh 4:25, 26**

**Maar Jesus sê vir hulle: "Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie." – Joh 6:35**

**"Terwyl Ek in die wêreld is, is Ek die lig vir die wêreld."– Joh 9:5**

**Toe sê Jesus vir haar: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook." – Joh 11:25**

**"Julle noem My julle Leermeester en Here, en julle is reg, want Ek is dit." – Joh 13:13**

**Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie." – Joh 14:6**

**Hy het die menigte beveel om op die groen gras te gaan sit om te eet. Toe neem Hy die vyf brode en die twee visse, kyk op na die hemel en vra die seën. Daarna het Hy die brood gebreek en dit aan sy dissipels gegee, en hulle het dit aan die mense gegee. Al die mense het geëet en genoeg gekry, en hulle het nog twaalf mandjies vol bymekaargemaak van die stukke brood wat oorgebly het. Daar was omtrent vyf duisend mans wat geëet het, afgesien van die vrouens en kinders.**

**– Matt 14:19-21**

**"Meneer," antwoord Simon, "ons het die hele nag deur geswoeg sonder om iets te vang, maar op u woord sal ek die nette uitgooi." En toe hulle dit doen, het hulle so 'n groot klomp vis gevang dat hulle nette wou skeur. – Luk 5:5, 6**

**Twee blinde mans wat langs die pad gesit het, het gehoor dat Jesus verbykom. Toe roep hulle uit: "Here, Seun van Dawid, ontferm U tog oor ons!" Jesus het . . . hulle geroep en gevra: "Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?" Hulle sê toe vir Hom: "Here, dat ons oë oopgaan." Jesus het hulle innig jammer gekry en hulle oë aangeraak. Dadelik kon hulle sien en het hulle Hom gevolg.**

**– Matt 20:30 en 32b-34**

God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. – Kol 1:16

Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie. – Joh 1:3

En elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader. – Filippense 2:11

Maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy (God) met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak.

– Heb 1:2

"Die hele Israel moet nou vas en seker weet: God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak!" – Hand 2:36

Hiervoor het Christus ook gesterf en weer lewend geword: om Here te wees van die dooies en die lewendes. – Rom 14:9

God is getrou, Hy wat julle geroep het om verenig te lewe met sy Seun, Christus Jesus, ons Here.

– 1 Kor 1:9

**Jy, waarom veroordeel jy dan jou broer? En jy, waarom verag jy jou broer? Ons sal tog almal voor die regterstoel van God moet verskyn. – Rom 14:10**

**Ek beveel jou voor God en voor Christus Jesus wat die lewendes en die dooies sal oordeel, ek beveel jou met die oog op sy koms en sy koningskap. – 2 Tim 4:1**

**"Wanneer die Seun van die mens in majesteit kom en al die engele saam met Hom, sal Hy op sy koninklike troon gaan sit. Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word, en Hy sal die mense van mekaar skei soos 'n wagter die skape van die bokke skei." – Matt 25:31-32**

**"Self veroordeel die Vader niemand nie, maar die oordeel het Hy geheel en al aan die Seun oorgelaat." – Joh 5:22**

**Dit sal aan die lig kom op die dag wanneer God deur Christus Jesus oor die verborge dinge van die mense sal oordeel, ooreenkomstig die evangelie wat ek verkondig. – Rom 2:16**

**"Hy het ons opdrag gegee om aan die volk te verkondig en te bevestig dat dit Hy is wat deur God aangestel is as Regter oor lewendes en dooies." – Hand 10:42**

**Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie." – Joh 14:6**

**"Daarom het Ek vir julle gesê julle sal in julle sondes sterwe, want as julle nie glo dat Ek is wat Ek is nie, sal julle in julle sondes sterwe." – Joh 8:24**

**En toe Hy volmaaktheid bereik het, het Hy vir almal wat aan Hom gehoorsaam is, die bron van ewige saligheid geword. Daarom kan Hy ook dié wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree. – Heb 5:9; 7:25**

**Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus. – Rom 3:23, 24**

**"Hy bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie." – Hand 4:12**

**God het ons tog nie bestem om gestraf te word nie, maar om deur ons Here Jesus Christus verlos te word. – 1 Tess 5:9**

**Hy het Homself vir ons as offer gegee om ons van alle ongeregtigheid vry te maak en ons van sonde te reinig, sodat ons sy eie volk kan wees wat ywerig is om die goeie te doen. – Tit 2:14**

**Met blydskap moet julle die Vader dank wat julle geskik gemaak het om deel te hê aan die erfenis wat vir die gelowiges wag in die ryk van die lig. Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet. Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergewing van ons sondes. – Kol 1:12-14**

**"Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is." – Luk 19:10**

**Toe sing hulle 'n nuwe lied: "U is waardig om die boek te neem en die seëls daarvan oop te maak omdat U geslag is en met u bloed mense vir God losgekoop het uit elke stam en taal en volk en nasie." – Op 5:9**

**Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee het, ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was. – Ef 5:2**

# 10 VERSOENING DEUR DIE BLOED VAN CHRISTUS

**Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van sy versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die straf van God gered sal word.**
**– Rom 5:9**

**Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God. – Ef 1:7**

**"Want dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes."**
**– Matt 26:28**

**Julle weet tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer of goud losgekoop is uit julle oorgeërfde sinlose bestaan nie. Inteendeel, julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is. – 1 Pet 1:18, 19**

**Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde.**
**– 1 Joh 1:7**

**Hoeveel te meer sal die bloed van Christus ons gewete bevry van die las van dade wat tot die dood lei, sodat ons die lewende God kan dien! – Heb 9:14a**

**Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. – Ef 2:8, 9**

**God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus. – Rom 5:1**

**In Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny is of nie. Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan. – Gal 5:6**

**"Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word. . . ." – Hand 16:31b**

**Want enigeen wat 'n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin. En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof. – 1 Joh 5:4**

**Hulle vra Hom toe: "Wat moet ons doen om te doen wat God van ons verlang?" En Jesus antwoord hulle: "Wat God van julle verlang, is dat julle moet glo in Hom wat Hy gestuur het." – Joh 6:28, 29**

**Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, sy Naam die lewe kan hê. – Joh 20:31**

**Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid moed gee. – 2 Kor 1:3**

**Wie is 'n God soos U? U vergewe sonde, U straf nie die sonde van dié wat uit u volk oorgebly het nie. U bly nie vir altyd kwaad nie, U betoon liefde. – Miga 7:18**

**…Want u liefde reik tot in die hemel en u trou tot in die wolke. – Ps 108:5**

**Deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferming nie, dit is elke môre nuut. U trou is groot. – Klaagl 3:22, 23**

**Want so groot as die afstand tussen hemel en aarde is, so groot is sy liefde vir dié wat Hom dien. Maar onverganklik is die liefde van die Here vir dié wat Hom dien, sy trou vir opeenvolgende geslagte. – Ps 103:11, 17**

**Hy het ons verlos, nie op grond van iets wat ons vir ons vryspraak gedoen het nie, maar op grond van sy eie ontferming. Dit het Hy gedoen deur die wedergeboorte wat die sonde afwas, en deur die Heilige Gees wat nuwe lewe gee. – Tit 3:5**

“Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol.” – Jes 1:18

Die Gees en die bruid sê: “Kom!” En elkeen wat dit hoor, moet sê: “Kom!” En elkeen wat dors het, moet kom; elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet! – Op 22:17

Maar toe Jesus dit sien, was Hy verontwaardig en het Hy vir hulle gesê: “Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle.”

– Mark 10:14

“Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee.” – Matt 11:28

“Kom, almal wat dors is, kom na die water toe, selfs ook dié wat nie geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder om te betaal, wyn en melk.”

– Jes 55:1

Op die laaste dag, die groot dag van die huttefees, het Jesus daar gestaan en uitgeroep: “As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink!” – Joh 7:37

Hiéraan is dit duidelik wie kinders van God en wie kinders van die duiwel is: iemand wat nie regverdig lewe nie en nie sy broer liefhet nie, behoort nie aan God nie. – 1 Joh 3:10

Daarom: “Gaan van hulle af weg en sonder julle af,” sê die Here, “en moenie wat onrein is, aanraak nie. Dan sal Ek julle aanneem, en Ek sal vir julle ’n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees,” sê die Here, die Almagtige.” – 2 Kor 6:17, 18

Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God. Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: “Abba!” Dit beteken Vader. – Rom 8:14, 15

Sorg dat julle bo alle verdenking staan en opreg bly, onberispelike kinders van God te midde van ontaarde en korrupte mense. Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld. – Fil 2:15

Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word. – Joh 1:12

**Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie. – Gal 5:19-21**

**Ons moet welvoeglik lewe soos dit in die daglig hoort. Daar moet geen drinkery en uitspattigheid, geen ontug en onsedelikheid, geen rusie en jaloesie wees nie. Nee, julle moet lewe soos volgelinge van die Here Jesus Christus en nie voortdurend daarop uit wees om julle sondige begeertes te bevredig nie. – Rom 13:13, 14**

**Ellende wag vir dié wat vroeg in die môre opstaan om agter sterk drank aan te loop en hulle tot laataand dronk te drink aan wyn. – Jes 5:11**

**Wyn maak jou ligsinnig, drank laat jou lawaai maak; niemand wat van dronkenskap slinger, is verstandig nie. – Spr 20:1**

**Jesus antwoord hom: " 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod."**

**– Matt 22:37, 38**

**Net toe Jesus uit die huis uitkom om verder te gaan, kom daar iemand aangehardloop. Hy val toe voor Hom op sy knieë en vra Hom: "Goeie Leermeester, wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?" Daarop sê Jesus vir hom: "Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe God alleen. Jy ken die gebooie: 'Jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie vals getuienis aflê nie, jy mag nie iemand veronreg nie, eer jou vader en jou moeder.' " "Meneer," sê hy vir Hom, "dit alles het ek van my kinderdae af nagekom." Jesus het na hom gekyk en hom liefgekry en vir hom gesê: "Net een ding kom jy kort. Gaan verkoop alles wat jy het, en gee die geld vir armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê. Kom dan ter ug en volg My!" Hy het egter geskrik toe hy dit hoor en het bedruk weggegaan, want hy het baie besittings gehad.**

**– Mark 10:17-22**

**Moenie julleself mislei nie: God laat nie met Hom spot nie. Wat 'n mens saai, dit sal hy ook oes.**
**– Gal 6:7**

**Liewe kinders, moenie dat iemand julle mislei nie: wie regverdig lewe, is regverdig soos Hy reg behoort aan die duiwel, want die duiwel hou van die begin af aan met sondig. – 1 Joh 3:7, 8a**

**Of weet julle nie dat mense wat onreg doen, geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie? Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie. – 1 Kor 6:9, 10**

**Moenie dat iemand julle met allerlei onwaarhede mislei nie, want daardeur kom die straf van God oor die mense wat aan Hom ongehoorsaam is. – Ef 5:6**

**Julle moet doen wat die woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself.**
**– Jak 1:22**

**As iemand hom verbeel hy is iets en hy is niks, bedrieg hy homself. – Gal 6:3**

**Verder nog dít: Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het. – Rom 5:12**

**Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood. – Jak 1:15**

**Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, loop uit op die dood, maar die dinge waarmee die Gees Hom besig hou, bring lewe en vrede. Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, is immers vyandskap teen God. Die sondige natuur onderwerp hom nie aan die wet van God nie, dit kan trouens ook nie. – Rom 8:6, 7**

**Die mens wat sondig, sal sterwe. ’n Seun sal nie die straf op sy pa se sonde dra nie, en ’n pa sal nie die straf op sy seun se sonde dra nie. Wie leef volgens my wil, sal die vrugte daarvan pluk. Wie goddeloos is, sal die straf daarvoor dra. – Eseg 18:20**

**Die lewe lê voor vir wie by die reg bly, die dood wag vir wie aanhou kwaad doen. – Spr 11:19**

**Die loon wat die sonde gee, is die dood. – Rom 6:23a**

**Nadat Hy dit gesê het, roep Hy met 'n harde stem: "Lasarus, kom uit!" Die oorledene het uitgekom. Sy hande en sy voete was nog toegedraai met grafdoeke en sy gesig toegebind met 'n kopdoek. Jesus sê toe vir die mense: "Maak hom los dat hy kan huis toe gaan." – Joh 11:43, 44**

**"Die Vader het My lief omdat Ek my lewe aflê om dit weer op te neem. Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit my eie af. Ek het die volmag om dit af te lê, en Ek het die volmag om dit weer op te neem. Dit is die opdrag wat Ek van my Vader ontvang het." – Joh 10:17, 18**

**Hy gaan toe nader en vat aan die baar. Die draers gaan staan toe, en Hy sê: "Jongman, Ek sê vir jou, staan op!" Die dooie het regop gaan sit en begin praat. – Luk 7:14, 15a**

**"Ek was dood en, kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid; en Ek het die sleutels van die dood en die doderyk." – Op 1:18**

**Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood. – 1 Kor 15:26**

"[Die Here het gesê:] 'Jy mag naas My geen ander gode hê nie.

'Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie....

'Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal dié een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie.

'Jy moet die sabbatdag so deurbring dat jy dit heilig hou, soos die Here jou God jou beveel het. Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet....

'Eer jou vader en jou moeder, soos die Here jou God jou beveel het....

'Jy mag nie moord pleeg nie.

'Jy mag nie egbreuk pleeg nie.

'Jy mag nie steel nie.

'Jy mag nie vals teen 'n ander getuig nie.

'Jy mag nie iemand anders se vrou begeer nie. Jy mag nie sy huis begeer nie, ook nie sy grond, sy slaaf of slavin, sy bees of donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie.' " – Deut 5:7-21

**"Hy hou die pad van die mens dop en sien elke tree wat hy gee. Daar is nie 'n donkerte of duisternis waar dié wat onreg doen, kan wegkruip nie." – Job 34:21, 22**

**"Niemand kan in 'n geheime plek wegkruip sonder dat Ek hom sien nie, sê die Here. Ek is oral in die hemel en op die aarde, sê die Here." – Jer 23:24**

**Waarheen sou ek gaan om u Gees te ontvlug? Waarheen sou ek vlug om aan u teenwoordigheid te ontkom? Klim ek op na die hemel, is U daar, gaan lê ek in die doderyk, is U ook daar. Maar vir U is selfs die duisternis nie donker nie en die nag so lig soos die dag, duisternis so goed soos lig.**
**– Ps 139:7, 8, 12**

**Die Here sien oral; Hy hou slegte en goeie mense dop. – Spr 15:3**

**Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor sy oë. En aan Hom moet ons rekenskap gee.**
**– Heb 4:13**

**"Daar is niks geheim wat nie openbaar sal word nie, of weggesteek wat nie bekend sal word en aan die lig sal kom nie."**
**– Luk 8:17**

**"Die Seun van die mens sal sy engele stuur, en hulle sal uit sy koninkryk verwyder almal wat ander mense in sonde laat val, en almal wat die wet van God oortree, en sal hulle in die brandende oond gooi. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners."**
**– Matt 13:41, 42**

**Die doderyk is die bestemming van die skuldiges, van al die nasies wat aan God nie dink nie.**
**– Ps 9:18**

**Maar die hemel en die aarde van vandag is bestem en word bewaar vir die vuur, ook deur die woord van God, en word in stand gehou tot op die dag waarop die goddelose mense veroordeel en verdelg sal word. – 2 Pet 3:7**

**Die ewige verdoemenis sal hulle straf wees, altyd geban uit die teenwoordigheid van die Here en van sy wonderbaarlike mag.**
**– 2 Tess 1:9**

**"En hierdie mense sal die ewige straf ontvang, maar dié wat die wil van God gedoen het, die ewige lewe." – Matt 25:46**

"Want Hy het 'n dag bepaal waarop Hy regverdig oor die wêreld gaan oordeel deur 'n Man wat Hy uitgekies het. As bewys daarvan vir almal, het Hy Hom uit die dood laat opstaan."
– Hand 17:31

Die Here weet dus om dié wat Hom dien, uit beproewing te red, maar om die goddeloses te straf en vir die oordeelsdag gevange te hou. – 2 Pet 2:9

Ons moet immers almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang volgens wat hy tydens sy aardse lewe gedoen het, of dit nou goed was of kwaad. – 2 Kor 5:10

'n Mens is bestem om net een maal te sterf, en daarna kom die oordeel. – Heb 9:27

Ek het die dooies, groot en klein, voor die troon sien staan, en die boeke is oopgemaak. Daar is ook 'n ander boek oopgemaak, dit is die boek van die lewe. Die dooies is toe geoordeel volgens wat daar in die boeke geskrywe staan. – Op 20:12a

Elkeen van ons sal dus oor homself aan God rekenskap moet gee. – Rom 14:12

**Maar met die genadegawe is dit anders as met die oortreding. Deur die oortreding van een mens het baie gesterf, maar die genade van God en die gawe wat deur die genade van die een Mens, Jesus Christus, gekom het, is veel oorvloediger aan baie geskenk.**
**– Rom 5:15**

**Dit hang dus nie af van 'n mens se wil of strewe nie, maar van God wat barmhartig is. – Rom 9:16**

**"God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade." – 1 Pet 5:5b**

**Julle ken die genade van ons Here Jesus Christus: hoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van julle arm geword, sodat julle deur sy armoede ryk kon word. – 2 Kor 8:9**

**En hoe meer die sonde geword het, hoe oorvloediger het die genade geword. Die doel was dat, soos die sonde deur die dood heerskappy gevoer het, die genade deur die vryspraak ook heerskappy kan voer en tot die ewige lewe kan lei deur Jesus Christus ons Here. – Rom 5:20b, 21**

**Die apostels het kragdadig getuig dat die Here Jesus uit die dood opgestaan het, en die genade van God was groot oor hulle almal.**
**– Hand 4:33**

**"God het die tye van onkunde oorgesien, maar nou roep Hy al die mense oral op om hulle te bekeer." – Hand 17:30**

**"Nee, sê Ek vir julle, maar as julle julle nie bekeer nie, sal julle net soos hulle ook almal omkom!" – Luk 13:3**

**En gesê: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom." – Matt 3:2**

**Toe antwoord Petrus hulle: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang. Daarom, bekeer julle en kom tot inkeer. Dan sal God julle sondes uitwis." – Hand 2:38; 3:19**

**"Laat vaar al julle oortredings en kry 'n nuwe gesindheid, 'n nuwe gees." – Eseg 18:31a**

**Wie sy sonde wegsteek, moet niks goeds te wagte wees nie; wie sy sonde bely en daarvan afsien, sal genade ontvang. – Spr 28:13**

**Want droefheid volgens die wil van God bring bekering wat tot redding lei, en daaroor was niemand nog ooit jammer nie. Daarteenoor bring droefheid uit wêreldse oorwegings die dood. – 2 Kor 7:10**

**"Maar die goddelose wat hom van al sy sondes bekeer, al my voorskrifte nakom, reg laat geskied en reg doen, sal bly lewe, hy sal nie sterwe nie." – Eseg 18:21**

**Die goddelose moet sy verkeerde pad laat staan, die slegte mens sy slegte planne. Hy moet hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom genadig wees; hy moet hom tot ons God bekeer, Hy vergewe altyd weer. – Jes 55:7**

**"As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe."**
**– Matt 6:14**

**"(Weet dat) die vergewing van sondes deur Hóm (Jesus) is, en dat elkeen wat glo, deur Hom vrygespreek word van alle sondes. God het Hom verhoog tot Leidsman en Verlosser aan sy regterhand, sodat Hy Israel tot bekering kan bring en hulle sondes kan vergewe."**
**– Hand 13:38b; 5:31**

**"Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My." – Op 3:20**

**Die genade van God wat verlossing bring, het immers aan alle mense verskyn. Dit voed ons op om die goddelose leefwyse en wêreldse begeerlikhede te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe.**
**– Tit 2:11, 12**

**Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie. – Kol 3:2**

**Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie. Die wêreldse dinge—alles wat die sondige mens begeer, alles wat sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid op besit—kom nie van die Vader nie, maar uit die wêreld. – 1 Joh 2:15, 16**

**Weet julle nie, julle ontroues, dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie ’n vriend van die wêreld wil wees, wys daarmee dat hy ’n vyand van God is. – Jak 4:4**

**“Was julle, reinig julle. Moenie voor My verskyn as julle verkeerd doen nie. Hou op met kwaad doen.” – Jes 1:16**

**“Ek sal julle ’n nuwe hart en’n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle ’n hart van vleis gee.” – Eseg 36:26**

**Aangesien julle weet dat Hy regverdig is, weet julle ook dat elkeen wat regverdig lewe, ’n kind van God is. Ons weet dat iemand wat uit God gebore is, nie meer sondig nie, maar die Seun van God bewaar hom, en die duiwel kry geen houvas op hom nie.**
**– 1 Joh 2:29; 5:18**

**Julle is geheilig, julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God. – 1 Kor 6:11b**

**Daarop sê Jesus vir hom: “Dít verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.” – Joh 3:3**

**Iemand wat aan Christus behoort, is ’n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.**
**– 2 Kor 5:17**

**Julle is immers weergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige woord van God.**
**– 1 Pet 1:23**

**Julle was dood as gevolg van julle oortredings en sondes. Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee. – Ef 2:1, 6**

**Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeur is ons vir die sondes dood en kan ons lewe in gehoorsaamheid aan die wil van God. Deur sy wonde is julle genees.**

**– 1 Pet 2:24**

**Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie, want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God. Wanneer Christus, wat julle lewe is, by sy wederkoms verskyn, sal julle ook saam met Hom verskyn en in sy heerlikheid deel.**

**– Kol 3:1-4**

**Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal. – Gal 5:24, 25**

Wie op die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en verderf oes. Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes. – Gal 6:8

"Moses het die slang in die woestyn hoog op 'n paal gesit; so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê." – Joh 3:14, 15

"Wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom." – Joh 3:36

...Die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here. – Rom 6:23b

"Dit verseker Ek julle: Wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie, maar het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan." – Joh 5:24

Sy eie besluit en genade...is nou aan ons geopenbaar deur die koms van ons Verlosser, Christus Jesus: Hy het die mag van die dood gebreek en deur die evangelie die onverganklike lewe aan die lig gebring. – 2 Tim 1:9b, 10

**Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. – Rom 8:16**

**En die getuienis behels dít: God het ons die ewige lewe gegee, en dié lewe is deur sy Seun. Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie. Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het.**
**– 1 Joh 5:11-13a**

**"Wie my opdragte het en dit uitvoer—dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en My aan hom openbaar."**
**– Joh 14:21**

**Wie reg doen, sal vrede hê; wie volhard in regdoen, sal vir altyd rus en sekerheid geniet.**
**– Jes 32:17**

**En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: "Abba!" Dit beteken: Vader!**
**– Gal 4:6**

**Hiéraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons: Hy het ons sy Gees gegee. – 1 Joh 4:13**

**As ons die gebooie van God gehoorsaam, weet ons daaraan dat ons Hom ken. – 1 Joh 2:3**

**"Maar nou kom Ek na U toe. En Ek sê dit terwyl Ek nog in die wêreld is, sodat hulle my blydskap in al sy volheid in hulle kan hê." – Joh 17:13**

**"Maar as Ek julle weer sien, sal julle harte vol blydskap wees, en niemand kan julle blydskap van julle af wegneem nie."–Joh 16:22b**

**Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee. – Rom 14:17**

**Met blydskap sal julle water skep uit die fonteine van redding. – Jes 12:3**

**"Dit sê Ek vir julle sodat my blydskap in julle kan wees en julle blydskap volkome kan wees." – Joh 15:11**

**U leer my hoe om te lewe. By U is daar oorvloedige blydskap. Uit u hand kom net wat mooi is. – Ps 16:11**

**Hom het julle lief, al het julle Hom nie gesien nie. Deur in Hom te glo, al sien julle Hom nou nie, het julle reeds deel aan die saligheid wat die einddoel van julle geloof is. En dit vervul julle met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap. – 1 Pet 1:8, 9**

As julle nie na die stem van die Here luister nie en ongehoorsaam is aan die bevel van die Here, sal die Here teen julle wees, soos teen julle voorvaders. – 1 Sam 12:15

Julle weet tog: as julle julle aan iemand onderwerp om hom as slawe te gehoorsaam, is julle die slawe van dié een aan wie julle gehoorsaam is. As dit die sonde is, beteken dit vir julle die dood; as dit gehoorsaamheid aan God is, beteken dit vryspraak en lewe. – Rom 6:16

En aan julle lyding, en ons s'n, sal Hy 'n einde maak wanneer die Here Jesus met sy magtige engele in 'n vuurvlam uit die hemel verskyn. Dan sal Hy die mense straf wat nie vir God ken nie en dié wat die evangelie van ons Here Jesus nie gehoorsaam nie. – 2 Tess 1:7, 8

"Let op, ek hou julle vandag die seën en die straf voor: die seën sal kom as julle die gebooie van die Here julle God gehoorsaam, wat ek julle vandag gee; die straf sal kom as julle ongehoorsaam is aan die gebooie van die Here julle God en die pad verlaat wat ek julle vandag aangewys het en ander gode aanhang waarvan julle nou nog nie eers weet nie." – Deut 11:26-28

“Elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek, vir hom sal Ek My ook openlik uitspreek voor my Vader wat in die hemel is. Maar hom wat My voor die mense verloën, sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemel is.” – Matt 10:32, 33

Hiéraan ken julle die Gees van God: elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is. – 1 Joh 4:2

Wie bely dat Jesus die Seun van God is—God bly in hom en hy in God. – 1 Joh 4:15

As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered.

– Rom 10:9, 10

Wie nie die Seun erken nie, verwerp ook die Vader; wie die Seun erken, erken ook die Vader.

– 1 Joh 2:23

“Elkeen wat hom vir My en my woorde skaam, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom, beklee met sy heerlikheid en die heerlikheid van die Vader en van die heilige engele.” – Luk 9:26

**Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. Bly standvastig in die geloof en staan hom teë.**
**– 1 Pet 5:8, 9a**

**Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel.** **– Ef 6:10b, 11**

**Toe is Jesus deur die Gees die woestyn in gelei om deur die duiwel versoek te word. Maar Jesus sê vir hom: "Gaan weg, Satan, want daar staan geskrywe: 'Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.' " Daarna het die duiwel Hom met rus gelaat, en daar het engele gekom en Hom versorg.**
**– Matt 4:1, 10, 11**

**Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig.**
**– 2 Kor 10:4a**

**Hy [die duiwel] was van die begin af 'n moordenaar. En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie … hy is 'n leuenaar en die vader van die leuens.** **– Joh 8:44b**

**Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword. Dit het Hy gedoen om deur sy dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig. – Heb 2:14**

**Wie aanhou sonde doen, behoort aan die duiwel, want die duiwel hou van die begin af aan met sondig. En die Seun van God het juis gekom om die werk van die duiwel tot niet te maak.**
**– 1 Joh 3:8**

**"Jy moet hulle oë oopmaak sodat hulle hulle van die duisternis tot die lig en van die mag van die Satan tot God kan bekeer. Deur in My te glo, sal hulle sondes vergewe word en sal hulle deel word van die volk van God. "**
**– Hand 26:18**

**Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. – Rom 8:35, 37**

**Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug. Nader tot God en Hy sal tot julle nader.**
**– Jak 4:7, 8a**

**Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is: Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal geword. – 1 Kor 13:1**

**Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. – Gal 5:22, 23a**

**Jesus vra hom weer 'n tweede keer: "Simon seun van Johannes, het jy My baie lief?" "Ja, Here," antwoord hy Hom, "U weet dat ek U liefhet." Hy sê toe vir hom: "Pas my skape op." – Joh 21:16**

**"As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer."– Joh 14:15**

**As iemand sê: "Ek het God lief," en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie. – 1 Joh 4:20**

**"As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is." – Joh 13:35**

**Ons weet dat ons klaar uit die dood na die lewe oorgegaan het, want ons het ons broers lief. Wie nie liefhet nie, bly in die dood. – 1 Joh 3:14**

**Ná Jesus se opstanding vroeg die Sondagmôre, het Hy heel eerste aan Maria Magdalena verskyn, uit wie Hy vantevore sewe bose geeste uitgedrywe het. – Mark 16:9**

**"En ons is getuies van alles wat Hy in die Joodse land en in Jerusalem gedoen het. Hulle het Hom doodgemaak deur Hom aan die kruis te hang. Maar God het Hom op die derde dag uit die dood opgewek en Hom laat verskyn, nie aan die hele volk nie, maar net aan ons vir wie God reeds gekies het om getuies daarvan te wees, ons wat ná sy opstanding uit die dood saam met Hom geëet en gedrink het." – Hand 10:39-41**

**Ag dae later was Jesus se dissipels weer bymekaar, en Tomas was by hulle. Hoewel die deure gesluit was, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en gesê: "Vrede vir julle!" Daarna sê Hy vir Tomas: "Bring jou vinger hier en kyk na my hande; en bring jou hand en steek hom in my sy; en moenie langer ongelowig wees nie, maar wees gelowig." En Tomas sê vir Hom: "My Here en my God!" – Joh 20:26-28**

"Daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die dooies die stem van die Seun van God sal hoor, en dié wat daaraan gehoor gee, sal lewe. Moenie hieroor verbaas wees nie: daar kom 'n tyd wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan. Dié wat goed gedoen het, sal opstaan en lewe, en dié wat verkeerd gedoen het, sal opstaan en veroordeel word."– Joh 5:25b, 28, 29

Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei. Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding. – Rom 6:3-5

Omdat Christus in julle is, gee die Gees aan julle die lewe op grond van God se vryspraak, hoewel die liggaam vir die dood bestem is as gevolg van die sonde. Omdat die Gees van Hom deur wie Jesus uit die dood opgewek is, in julle woon, sal Hy deur wie Christus uit die dood opgewek is, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon. – Rom 8:10, 11

**"Want Hy het sy volk in genade opgesoek en vir hulle verlossing bewerk…dat Hy sou gee dat ons, gered uit die hand van vyande, Hom onbevrees kan dien in vroomheid en opregtheid al die dae van ons lewe." – Luk 1:68b, 73b, 74, 75**

**Geliefdes, hierdie beloftes is ook vir ons. Laat ons ons dan reinig van alles wat liggaam en gees verontreinig, en ons in gehoorsaamheid aan God volkome aan Hom toewy.**
**– 2 Kor 7:1**

**En nou het ons nog iets anders om van julle te vra, broers. Julle het van ons geleer hoe God wil hê julle moet lewe. Julle doen dit ook, maar in die Naam van die Here Jesus versoek ons julle dringend: Lê julle nog meer daarop toe. Julle ken die voorskrifte wat ons op gesag van die Here Jesus aan julle oorgedra het. Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid. Elkeen van julle moet weet dat hy met sy vrou heilig en eerbaar moet saamlewe; God het ons nie geroep om onsedelik te lewe nie, maar om heilig te lewe.**
**– 1 Tess 4:1-4, 7**

**Nee, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees.**
**– 1 Pet 1:15**

**Daarom het Jesus ook buitekant die stadspoort gely om die volk deur sy eie bloed van hulle sonde te reinig. – Heb 13:12**

**So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. Lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig. – Ef 1:4; 4:24**

**Daar sal 'n grootpad deur die woestyn loop en dit sal bekend staan as die gewyde pad. Onrein mense sal nie daarop loop nie, dit sal net wees vir mense wat reg lewe; dwase sal nie meer op die pad kom nie. – Jes 35:8**

**Maar as ons ons sondes bely— Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid. – 1 Joh 1:9**

**Aangesien al hierdie dinge so aan hulle einde gaan kom, moet julle des te meer vroom en aan God toegewy lewe. – 2 Pet 3:11**

**Beywer julle vir vrede met alle mense asook vir 'n heilige lewe, waarsonder niemand die Here sal sien nie. – Heb 12:14**

**Prys die Here om die eer van sy Naam! Buig voor die Here by sy heilige verskyning! – Ps 29:2**

**“As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee — die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra.” – Luk 11:13**

**Nadat hulle gebid het, het die plek waar hulle bymekaar was, geskud. Hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig. – Hand 4:31**

**“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees.” – Hand 1:8a**

**“Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom.”**
**– Eseg 36:27**

**Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle. As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie.**
**– Rom 8:9**

**Die gelowiges in Antiogië was vol blydskap en vol van die Heilige Gees. – Hand 13:52**

**Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul. – Ef 5:18**

**As die regverdiges om hulp roep, hoor die Here hulle en red Hy hulle uit al hulle benoudhede.**

**– Ps 34:18**

**"Ek het alles gemaak en so het alles ontstaan, sê die Here. Ek slaan ag op die mens in nood, op dié een wat berou het oor sy sonde, wat ontsag het vir my woord."**

**– Jes 66:2**

**" 'As U iets kan doen,' sê jy," antwoord Jesus. "Vir die een wat glo, kan alles." – Mark 9:23**

**Geliefdes, moenie verbaas wees oor die vuurproef waaraan julle onderwerp word nie. Dit is nie iets vreemds wat met julle gebeur nie. Wees liewer bly hoe meer julle in die lyding van Christus deel, want dan sal julle ook oorloop van vreugde by sy wederkoms in heerlikheid. – 1 Pet 4:12, 13**

**"Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan." – Op 21:4**

**Vertrou liewer op die Here en doen wat goed is, woon en werk rustig voort. – Ps 37:3**

**"Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee." – Matt 6:33**

**Omdat Hy self versoek is en gely het, kan Hy dié help wat versoek word. – Heb 2:18**

**God wat vrede gee, sal die Satan spoedig onder julle voete verpletter. – Rom 16:20a**

**As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie; as jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie. – Jes 43:2a**

**Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan. – 1 Kor 10:13**

**Die Here is naby die gebrokenes, Hy help die moedeloses.**

**– Ps 34:19**

**Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is. – Rom 8:28**

**Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. – Heb 4:15**

"Elkeen wat die oorwinning behaal, sal dit alles kry, en Ek sal sy God wees, en hy sal my seun wees." – Op 21:7

"Elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal vir altyd daar bly. Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, die nuwe Jerusalem, wat van my God af uit die hemel uit afkom. En Ek sal ook my eie nuwe Naam op hom skrywe." – Op 3:12

"Elkeen wat die oorwinning behaal, sal sulke wit klere dra. Ek sal nooit sy naam uit die boek van die lewe uithaal nie, en Ek sal voor my Vader en voor sy engele verklaar dat hy aan My behoort." – Op 3:5

"Elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek saam met My op my troon laat sit, net soos Ek ook die oorwinning behaal het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het." – Op 3:21

"Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê. Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek te ete gee van die boom van die lewe, wat in die paradys van God is." – Op 2:7

**Die getroudes beveel ek—nee, nie ek nie, maar die Here—dat 'n vrou nie van haar man mag skei nie. As sy tog skei, moet sy daarna ongetroud bly of haar met haar man versoen. Net so mag 'n man ook nie van sy vrou skei nie. 'n Vrou is aan haar man gebind so lank as hy lewe. As hy sterwe, is sy vry om te trou met wie sy wil, mits dit met 'n gelowige is. – 1 Kor 7:10, 11, 39**

**Die getroude vrou, byvoorbeeld, is deur die wet aan haar man gebind so lank as hy lewe. As haar man te sterwe kom, is sy onthef van die wet wat haar aan haar man gebind het. Maar as sy 'n ander man se vrou word so lank as haar man lewe, sal sy as 'n egbreekster beskou word. As haar man gesterf het, is sy egter vry van die wet en is sy nie 'n egbreekster as sy 'n ander man se vrou word nie. – Rom 7:2, 3**

**"Elkeen wat van sy vrou skei en met 'n ander een trou, pleeg egbreuk; en iemand wat met 'n geskeide vrou trou, pleeg ook egbreuk." – Luk 16:18**

**"Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat van sy vrou skei behalwe oor owerspel, maak dat sy egbreuk pleeg, en iemand wat met die geskeide vrou trou, pleeg ook egbreuk."**

**– Matt 5:32**

“En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.” – Joh 14:3

“Dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemelruim verskyn, en al die volke van die aarde sal verslae wees. Hulle sal die Seun van die mens op die wolke van die hemel sien kom met groot krag en majesteit.”
– Matt 24:30

“Wie hom dan vir My en my woorde skaam te midde van hierdie ontroue en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom saam met die heilige engele, en beklee is met dieselfde heerlikheid as sy Vader.” – Mark 8:38

Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. Ons sal Hom sien soos Hy werklik is. Elkeen wat hierdie verwagting in verband met Hom koester, hou homself rein soos Jesus rein is.
– 1 Joh 3:2, 3

“Ook julle moet gereed wees, want die Seun van die mens kom op ’n tyd wanneer julle Hom nie verwag nie.” – Luk 12:40

## DIE WOORD VAN GOD

"Die hemel en die aarde sal vergaan, maar my woorde nooit."
– Luk 21:33

Want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig.
– 2 Pet 1:21

Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek.
– 2 Tim 3:16

## BID EN VERGEWE

"So moet julle bid: Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredings s oos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose. As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie."
– Matt 6:9-15

# GOD SE MANIER VAN REDDING

### *Ek het 'n Verlosser nodig.*

**Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God.** –Romeine 3:23

### *Christus het vir my gesterf.*

**Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring.**

**–**I Petrus 3:18a

### *Ek moet my sonde bely.*

**Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind.**

**–**Spreuke 28:13

### *Ek moet Jesus in geloof aanneem.*

**Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo.** **–**Johannes 1:12

### *Ek kan seker wees van my verlossing.*

**Hy wat die Seun het, het die lewe.** **–**I Johannes 5:12a

**Wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.**

**–**Johannes 5:24b

Published in numerous languages by World Missionary Press, Inc., as God supplies funds in answer to prayer. **For questions or more information by country, visit: www.wmp-contacts.org**

World Missionary Press
PO Box 120
New Paris, IN 46553-0120 USA
www.wmpress.org

Read booklets online or by App
www.wmp-readonline.org

6-24

1 Afrikaans HFA